**SKRIFLESING:** Lukas 2:25-35 (Loflied van Simeon)
**TEMA:** ‘n Skietstilstand is nie vrede nie.

Ons dink en praat verkeerd oor die “vrede" wat Kerstyd bring. Ons verwar dit dikwels met gemoedelikheid. Ons dink dit beteken vredeliewendheid, om net vir so paar dae van ons konflik en onvrede te vergeet.

Dit word goed geïllustreer deur talle insidente in oorlogstyd of internasionale konflik, waar Kersfees 'n tydelike skietstilstand sou bring, net om daarna weer die stryd voort te sit. Daar is so ‘n video, gedig en lied oor Kersdag 1914. Tydens Kersdag het die strydende soldate in die Eerste Wêreldoorlog ‘n skietstilstand gehad, kersliedere gesing, proviant gedeel en selfs saam sokker gespeel, net om die stryd weer die volgende dag voort te sit.
Dieselfde wanopvatting heers wanneer ons dink dat 'n mens, in tye van spanning, om “vredeswil" liewer moet stilbly. Dit terwyl daar in werklikheid géén ware vrede is nie.

Om dié rede sien ons as die kerk dikwels nie kans vir vrymoedige getuienis nie. Die Woord leer ons wat waar en reg is en wat nie, maar ter wille van sogenaamde “vrede" verswyg ons die waarheid.
Mense neem ook aanstoot wanneer ons standpunt inneem teen dit wat verkeerd is. Die kerk se primêre roeping is tog om ten alle koste “vrede" te bewaar eerder as om te getuig en mense om te krap. Ons as kerk moet die groot ou vriendelike teddiebeer vredebewaarder wees, wat nooit ontstel en nooit aanstoot gee nie. Dit is ons taak of is dit?

Die Bybel praat nie so nie. Reeds hier, in die geboorteverhaal, in die loflied van Simeon, word dit duidelik dat die evangelie van vrede ook 'n skerpkant het. Te midde van die lofsange praat hierdie profesie van onvrede, van skeiding, van verwerping en van oordeel.

Ons lees weer Lukas 2:34, hierdie keer uit “die Boodskap.”
“Kyk, baie mense sal nog oor hierdie Kind struikel en val. Gelukkig sal ander deur Hom die ware lewe ontdek. Maar baie sal nie verstaan wie Hy is nie en lelik van Hom praat.”

Vir sommige sal Jesus die hoeksteen wees waarop hulle hul geloof bou. Ander sal Hom verwerp. Hy sal die steen wees waaroor hulle struikel en val.

Die Kindjie in die krip, ons Verlosser aan die kruis roep ons op tot keuse tussen staan en val, tussen lewe en dood.

Jesus, die Vredevors, bring vrede aan elkeen wat in ‘n lewende geloofsverhouding met Hom staan. In Johannes 14:27 sê Hy: “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.”
Wanneer Hy die eerste keer nay s opstanding aan sy dissipels verskyn groet Hy hulle met: “Vrede vir julle.” Maar Hy bring ook onvrede en skeuring.

Hy sê in Lukas 12:51-53: “[51]Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring? Nee, sê Ek vir julle, eerder verdeeldheid, [52]want van nou af sal daar vyf mense in een huis onderling verdeeld wees, drie teen twee en twee teen drie. [53]Hulle sal verdeeld wees: vader teen seun en seun teen vader, moeder teen dogter en dogter teen moeder, skoonmoeder teen skoondogter en skoondogter teen skoonmoeder.”

Baie mense aanvaar Christus as Verlosser. Hy is ‘n Lig tot verligting van hul lewens. Maar daar is ook baie wat van die begin af weerstand bied teen die evangelie. Ons moet nie daarvoor skrik of terugdeins nie.

Vir Christus was dit so. Die boodskap van Jesus is een van 'n magtelose klein baba wat gebore is in die chaos van die drakoniese mag van Rome wat die Jode onderdruk het.
Jesus se ouers moes vlug vir hulle kind se lewe. Die magtige Herodes het die Joodse babas laat doodmaak, omdat hy gehoor het van ‘n koning wat onder hulle gebore is. Aan die begin van sy lewe het Jesus 'n kinderslagting oorleef. Daar is niks romanties aan hierdie prentjie nie.

Jesus se geboorte is 'n verhaal wat vertel hoe God die stelsel kom uitdaag. Hy verander duisternis in lig en dood in lewe. Jesus se geboorte vertel hoe God radikaal in die kerk en politiek kom ingryp het om die wreedheid en chaos van hierdie wêreld in orde en genesing te omskep.

Maar nie almal het dit aanvaar nie. In Nuwe Testamentiese tyd het die keisers hul as gode laat vereer. ‘n Voorbeeld hiervan was by die stadsingang by Efese. Daar word die keiser uitgebeeld is as die seun van god.
Elke keer as gelowiges onderdeur die tipe keiserverering gestap het, het hulle die direkte teenoorgestelde verkondig: Naamlik dat Jesus die Seun van die Ware God is. Hy, en hy alleen is God. Hulle het geleef met God se vrede en terselfdetyd die duisternis van die Romeinse Ryk uitgedaag.

Kersfees se vrede is nie goedkoop nie. Ware vrede is die resultaat van mense wat in geloof hulle kruis opneem om die gebrokenheid van die wêreld in die oë te kyk en dit aan te spreek.

Vir die vroeë Christelike kerk was kruis opneem, opstaan vir dit wat reg is en ongewild wees, vanselfsprekend.

Ons as kerk kan nie in ons getuienis 'n ander ervaring verwag as die van die Here Jesus en die vroeë kerk nie.
Juis om dié rede mag ons nie kwaad goed noem nie. Ons mag nie om vredeswil by sonde verbykyk en met alles tevrede wees nie. Vir sommige gaan Jesus ‘n steen wees waaroor hulle struikel en val.
Die vrede van die kerk is vrede ín die wêreld, maar nie ‘n vrede mét die sondige wêreld nie.

Maar ons kan nie net vinger wys nie.  Ons moet hierdie waarheid ook dieper, nader aan ons eie lyf deurdink. Die skadukant bestaan in ons almal.

Ook ons het dalk blink buitekante, maar in ons diepste self is daar nog 'n menigte van onbekeerde gesindhede en lewenskeuses. Onder leiding van die Heilige Gees moet ons daagliks in ons persoonlike lewens kies tussen reg en verkeerd. Die Here dui baie duidelik in die Bybel, byvoorbeeld in die 10 gebooie, aan wat reg is. Ons moet ons lewens daarvolgens inrig.
Baie van ons ervaar nie hierdie radikale kruisdra wat die evangelie van vrede bring nie, waarskynlik omdat ons dié riglyne nie ernstig opneem en dit dag en nag uitleef nie.

Langs krip is nie plek vir neutrale mense nie.
‘n Skietstilstand is nie vrede nie.
Kersfees is nie ‘n oproep tot ‘n eendag oppervlakkige gemoedelikheid nie. Dit is ‘n oproep tot ‘n diep besluit vir of teen die Kind. Maak Hom die hoeksteen waarop jy jou geloof bou.

Ons geloofskeuse vir Hom bring vir ons vrede. Maar ons opstaan vir dit wat vir God reg is, gaan dikwels lei tot onvrede met die sondige wêreld en soms selfs tot onvrede met ons eie mense.
Amen